**Kennisgewing van ‘n Omgewingsmagtigings Proses**
**(Omgewings Assesserings Proses)**

# VOORGESTELDE 2AFRICA/GERA (OOS) MARINE TELEKOMMUNIKASIE KABELSTELSEL INSTALLERING BY DUYNEFONTEIN, WES KAAP, SUID-AFRIKA

Kennisgewing word hierby gegee ingevolge die gewysigde Omgewingsimpakevaluerings (OIE) Regulasies van 2014 (soos gewysig in 2017) en gepubliseer ingevolge die Nasionale Omgewings Bestuurs Wet, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (NOBW), soos gewysig, vir die voorgestelde ondersese telekommunikasie kabelstelstel by Duynefontein. Alcatel Ondersese Netwerke (AON) is aangestel vir die installering van die voorgestelde 2AFRICA/GERA (Oos) Kabelstelsel wat die Ooskus van Afrika gaan verbind met Europa asook gedeeltes van die Midde Ooste. Die kabelstelsel gaan onder die beheer wees van MTN (Edms) Bpk (hierin verwys na “MTN”) as Suid-Afrika se landings vennoot en die voorlegger van die projek.

**Omgewings Evaluerings Praktisyn**
ACER (Africa) Omgewingsbestuurders

**Ligging van projek**
Van Riebeeckstrand is die begin punt van die projek wat gelee is naby die bestaande ACE landingspunt en die kabelstelsel eindig by die ACE Kabel Landingsstasie wat deur MTN beheer word.

**Omgewingsmagtigings Proses**
In terme van die OIE Regulasies van 2014 (soos gewysig), het die voorgestelde ontwikkeling van die 2AFRICA/GERA (Oos) Kabelstelsel by Duynefontein moontlike gelyste aktiwiteite wat geaktiveer mag word en vereis dat omgewingsmagtiging verkry word deur die Omgewings Assesserings Proses te onderneem.

| **Lys van Aktiwiteite** | |
|---|---|
| Noteringskennisgewing 1: No. R. 327 van April 2017 | Aktiwiteite 15,17, 18 en 19A |
| Noteringskennisgewing 2: No. R. 325 van April 2017 | Aktiwiteite 14 en 26 |
| Noteringskennisgewing 3: No. R. 324 van April 2017 | Aktiwiteit 12 |

Die Nasionale Departement van Omgewingssake, Bosbou en Visserye (DOBV) is die bevoegde owerheid wat die omgewingsmagtiging uitreik vir hierdie voorgestelde ontwikkeling. Ander lisensies en permitte kan moontlik benodig word en aansoek kan gedoen word vir ‘n Oseaan Strand Huur Permit van CapeNature en ‘n Water Lisensie van die Department van Menselike Nedersettings, Water & Sanitasie (DMNW&S).

**Geleentheid om deel te neem**
Belangstellende en/of Geaffekteerde Partye (B&GP) word aangemoedig om te registreer met ACER vir die geleentheid om kommentaar te lewer. ‘n Agtergrond Inligtings en Kennisgewings Dokument insluitende ‘n Registrasie en Kommentaar Blad kan verkry word by ACER se Publieke Deelname Kantoor. Vir verdere inligting, kontak asseblief:

**Carina Boonzaaier of Giles Churchill**
► **Posbus 503, Mtunzini, 3867** ► **Tel: 035 340 2715**
► **E-pos**: 2AFRICA.Duynefontein@acerafrica.co.za

**In terme van Staatskennisgewing R326, 42(a), 44(1) en 19(1)(a) (7 April 2017) sal alle kommentaar wat ontvang word in ‘n Kommentaar en Terugvoer Verslag saam gevat word wat beskikbaar gemaak sal word aan die bevoegde owerheid. Die verslag sal ook in die publieke domein geplaas word en sal deel wees van die publieke hersieningsproses wat deel vorm van die Omgewings Assesserings Verslae.**

***Datum van advertensie: 2 September 2020***

acer
AFRICA